

LITURGIE VIR VIGSHERDENKING SONDAG 21 MEI 2017

i) Toetrede en Bewuswording

Speel gepaste musiek of stilte kan gehandhaaf word.

'n Banier met 'n rooi lint daarop word ingebring en voor die gemeente neergesit. Die Bybel word ook ten aanskoue van die hele gemeente ingebring en op die kansel gesit.





ii) Groet

Vandag sluit ons aan by mede-Christene oor die hele wêreld, terwyl ons diegene wat aan VIGS- verwante toestande gesterf het en diegene wat tans met MIV of VIGS lewe, onthou. Vandag onthou ons ook diegene wat meewerk om die VIGS-epidemie te stop; diegene wat versorgers is; diegene wat treur en diegene wat teen stigma en diskriminasie werk.

Die Rooi Lint is die internasionale simbool vir VIGS bewustheid; 'n simbool van respek vir MIV- positiewe mense en mense wat met VIGS leef, en dit herinner ons aan die voortdurende noodsaaklikheid om die stryd teen VIGS aktief te hou.

Dit is vroeg in 1991 ontwerp as 'n internasionale simbool vir bewustheid oor MIV en VIGS. 'n Simbool vir solidariteit en verdraagsaamheid met diegene teen wie daar dikwels deur die publiek gediskrimineer word - die mense wat met MIV en VIGS leef.

Die Rooi Lint is ...

-  'Rooi' soos liefde, as 'n simbool van omgee en deernis teenoor diegene wat geraak word.
-  "Rooi" soos bloed, wat die pyn verteenwoordig wat veroorsaak word deur die baie mense wat aan VIGS gesterf het.
-  'Rooi' soos die woede oor die hulpeloosheid waarmee ons 'n siekte ervaar waarvoor daar nog geen kans is op genesing nie
-  'Rooi' as 'n teken van waarskuwing om nie een van die grootste probleme van ons tyd met onverskilligheid te ignoreer nie.

Kom ons bid saam:

God wat langs ons kom staan en in ons woon, dankie vir die voorreg om saam te wees in hierdie tyd en tydens hierdie diens. Ons bid dat U liefde ons sal verenig in 'n gemeenskap van genade en ontdekking. Reinig en bevry ons asseblief van enigiets wat ons krag en ywer vir samesyn sal dreineer. Bevry ons van negatiewe denke en die hindernisse wat ons soms uitmekaar hou. In hierdie tyd, vernuwe in ons die droom van 'n beter wêreld en stel ons instaat om nuwe moontlikhede te ontdek om diensbaar te wees.

iii) Sing Lied/Gesang

Herinneringsgeleentheid (VIGS Herdenkingskers)

God ons Vader, ons dank U dat U elkeen van ons na U eie beeld gemaak het en aan ons gawes en talente gegee het om U en mekaar te dien. Ons dank U vir diegene wie se lewens ons gedeel het en wat ons vandag onthou. Ons dank U vir die goeie wat ons saam kon beleef en vir die seën wat hulle vir ons was.

Ons bely Here, dat ons onverskillig opgetree het onder die dekmantel van onkunde, en dat ons sodoende nie die behoeftes van mense en geliefdes wat met MIV en VIGS leef, voor oë gehou het nie. Vergewe ons en wys ons nuwe paaie, waar inligting en kennis ons verander.

Ons onthou die mense wat aan VIGS-verwante siektes gesterf het; Diegene wat deur hul familie verlaat is, seer het, onseker is en wroeging beleef. Mag diegene wat nog steeds ly, goed behandel word, geliefd en waardevol voel. Ons bid vir die mense wat in vrees leef, nie vrymoedig is om hul MIV status bekend te maak nie, bang is dat iemand hul geheim op enige oomblik sal ontdek. Moenie dat hulle vyande oor hulle seëvier nie. Moenie toelaat dat diegene wat op U wag, beskaamd staan nie.

Amen




Steek die VIGS kers aan

- iv) Geloofsbelydenis**
- v) Sing Lied/Gesang**
- vi) Opneem van Kollekte/Offergawe (oorweeg om dit aan 'n plaaslike organisasie te skenk wat fokus op MIV en VIGS)**
- vii) DIENS VAN DIE WOORD (Besoek <http://www.cabsa.org.za/bible-message-search> vir spesifieke riglyne rondom 'n wye verskeidenheid van tekste)**
- viii) Verbinteniss**

(Uittreksel uit gesamentlike VIGS verklaring van NGK Wes Kaap en VGKSA Kaapland)

Ons wil liefde en deernis betoon aan alle mense wat met die werklikhede van MIV saamleef.

Ons wil dit doen deur:

-  begeleiding en ondersteuning te bied aan elkeen wat hartseer en pyn beleef, veral ook aan almal wat deur die kerk en breër samelewing verwerp of alleen gelaat is;
-  mites, diskoerse, verkeerde gesindhede en diskriminerende optrede binne ons gemeentes en gemeenskappe af te breek;
-  gemeentes plekke te maak waar almal welkom en geborge sal voel om vrylik, sonder vrees vir veroordeling, hulle Christenskap uit te leef;

ix) Sing Lied/Gesang

x) Seën

Omring ons, o God. Hou liefde binne, haat uit.
Omring ons, o God. Hou vreugde binne, wanhoop uit.
Omring ons, o God. Hou vrede binne, disharmonie uit.
Omring ons, o God. Hou hoop binne, ontmoediging uit.

U teenwoordigheid is in ons. U teenwoordigheid is rondom ons. U teenwoordigheid is liefde.

U teenwoordigheid is in ons. U teenwoordigheid is rondom ons. U teenwoordigheid is blydskap.

U teenwoordigheid is in ons. U teenwoordigheid is rondom ons. U teenwoordigheid is vrede.

U teenwoordigheid is in ons. U teenwoordigheid is rondom ons. U teenwoordigheid is hoop.
Omring ons, o God, en mag ons in vrede uitstap. Amen

Ontwikkel deur Ds Sean Esterhuizen van
Diakonia, namens die Vigstaakgroep, Wes
en Suidkaap Sinodes van die NG Kerk
familie

Beskikbaar gestel deur CABSA

